

**Dinsdag 4 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:26-30**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:29, 30**

**Deur die Here geroep ... onmisbare skakel in God se genadeketting**

Ons teks word dikwels God se genadeketting genoem. 'n Ketting waarin elke skakel onmisbaar inmekaar skakel. 'n Ketting van God se genade wat alles te doen het met jou en my, met sy kinders, met ons verlossing. Hierdie ketting is aan albei kante in die ewigheid geanker:

- Die ewigheid ... wat daar was, voor die skepping, voor alles wat ons ken ... *verkies*.
- Die ewigheid ... wat daar sal wees wanneer alles, ja alles, nuutgemaak is ... *verheerlik*.

Hierdie ewigheidswonder van God kom in die tydelike wêreld in, in die lewe van mensekinders deur dit wat hier in die tyd gebeur: die middelste skakel in God se genadeketting, as Hy sy kinders roep.

Kom ons stel dit anders: Die ewige verkiesing van God en sy heerlike bestemming vir ons (die eerste skakels: *verkies* en *bestem*) loop uit op die laaste twee: *geregverdig* en *verheerlik*, maar SLEGS deur die middelste skakel: *geroep*.

In die middel van die groot, half onbeskryfbare sake van verkies en bestem, geregverdig en verheerlik, in die middel van dit alles: iets wat in hierdie lewe gebeur – God wat sy kind roep. Hier dring Paulus in die grense van tyd, van ons lewe in.

God wat roep. Sy kinders wat Hy in die ewigheid verkies en bestem het ... in die tyd roep.

Roeping – dit beteken in sy eenvoudigste: Kom. Kom hierheen. Kom na My toe. Dis die roepstem van die evangelie. Dis die Woord wat uitgaan ... kom!

Geroep: God se kragtige roepstem: *Kom, kus die Seun in onderworpenheid*. Dis wat met mense gebeur het, Jode en heidene, toe die evangelie van Jesus Christus verkondig word. Dis God se ewige verkiesing en bestemming wat werklikheid word in die tyd. God se ewige besluit in sy hemelse raadsale wat hier op aarde kom land as sy Woord gepreek en verkondig word.

GEROEP ... onmisbare skakel tussen geken en bestem, en geregverdig en verheerlik. Onmisbare skakel in God se genadeketting. Genademiddel. Hy wat roep. Is jy ernstig in jou antwoord?

*Sing: Psalm 45-1:9, 10, 16*

*Ds. C Aucamp (Cassie) (Bergsig)*